



## 6 MEI 2018

### 09:00 Erediens – Doop

Fay van Eeden

NJ Swanepoel (Jaco en Lizbe),  
Catha Engelbrecht (Wikus en Renate) en  
Gabrielle Volschenk (Cornell en Nadine) word  
vanoggend gedoop. Baie welkom aan al die  
vriende en familie.

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

### 09:00 Kleuterkerk

**Onthou** om 'n foto van jousef te bring.  
Kom maak saam met ons 'n mooi kaartjie  
vir Mamma vir Moedersdag. Almal welkom!

### 09:30 Lynnwood Oord-diens

Johan Jooste

### 18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Eric Scholtz

### 19:00 Belydenisklas – Kapel

Gebed. *Grootgroep*

## 13 MEI 2018 *Moedersdag*

### 09:00 Erediens – Pinkster

Prof Nelus Niemand

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

### 09:00 Kleuterkerk

**Onthou** om 'n foto van jousef te bring.  
*Moedersdag en Bak-en-brou.*

### 18:00 Pinksterdiens & Pelgrimsgroepe

(Snr. Kategese)

Vr Chris Schönerberger

### 19:00 Belydenisklas

*Ander geloofsgewoontes. Kleingroepe*

## Mandalas

Baie dankie aan almal wat deel geneem het aan  
ons Mandala-kursus. Liezel Luneburg, vryskut  
joernalis en kunstenaar, stel na die oggenddiens  
haar Mandalas in Koinonia uit. Dit sal te koop wees.  
Kom kyk gerus.

## Hemelvaartdienste 10 Mei 2018



06:00 Sonsopkoms-hemelvaartdiens op die dak by die  
kerkkantoor, gelei deur ds. Fay van Eeden. Daarna  
geniet almal 'n gemeenskaplike ontbyt en koffie saam.  
(Bring asseblief 'n bordjie eetgoed of beskuit saam.)

09:30 Hemelvaartdiens by Lynnwood Oord gelei deur  
ds. Peet Crous.

18:00 Hemelvaartdiens in die Kerk gelei deur ds. Peet  
Crous.

## Belydenisaflegging

Aansoek vir belydenisaflegging op 20 Mei 2018 sluit op  
13 Mei 2018. E-pos asseblief so gou moontlik jou  
aansoekvorm aan [bets@nglynnwood.co.za](mailto:bets@nglynnwood.co.za).

## Pinkster - 2018

Kyk gerus na die Pinkster-program op die agterblad.

# Die week se kalenderaktiwiteite

**Dinsdag:** **Bybelstudiereeks: God gee ons nooit meer as wat ons kan hanteer nie** 08:30 (A21).  
Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. (Meer inligting hier onder.)  
**Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.  
**Gemeentevroue Groep 3 en 4** 09:30 (Alida Mennen, Chappiesweg 329, Lynnwood, 012 361 2904 / 082 566 0229. Spreker: Ds Marina de Wet (Stellastraat-gemeente).  
**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.  
**Gemeentevroue Groep 11** 16:30 (Koinonia). Michelle Scholtz doen 'n kos-demonstrasie.  
**Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.  
**Bybelstudie** 19:15 (Koinonia). Peet Crous bespreek die boek *Half Truths*.

**Woensdag:** **Gasvryheidsbediening vergadering** 14:30 (A21)  
**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836.  
**"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.

**Donderdag:** **Hemelvaartdiens** 06:00 (Op die dak by die kerkkantoor).  
**Hemelvaartdiens** 09:30 (Lynnwood Oord).  
**Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 082 448 6413.  
**Hemelvaartdiens** 18:00 (Kerk).

**Vrydag:** **Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959.  
**Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

## Voorbidding:

Rina Mears en familie, 21ste Straat 41, Menlopark, 083 625 9912 – Andrew oorlede. Begrafnis was Donderdag.  
Petrus Cilliers, Queens Crescent 414B, Lynnwood, 083 253 4548 – Zuid-Afrikaans Hospitaal (operasie).  
Henning, Emma en Megan Marais, Kings Highway 431, Lynnwood, 082 562 8288 – Kim oorlede. Gedenkdienis is Maandag (7 Mei) om 12:00 in die kerk.

## Bewys van Lidmaatskap:

Monica Stevenson, Alcadeweg 24, Lynnwood Glen, 083 305 1351.  
Bessie Klopper, Alcadeweg 24, Lynnwood Glen, 061 366 0168.

## 27 Mei 2018 – Gesinsdiens!

## Is jy in die Hoërskool? Dan wil jy nie hierdie mis nie!

Ons gaan die 18<sup>de</sup> Mei almal saam *Bounce* by Menlyn Maine. Ons ontmoet mekaar 17:30 daar en sal teen 19:15 klaar wees. Koste beloop R140 p.p. en sluit "grip socks", 'n bottel water en 'n spanbou in. RSVP voor 10 Mei by Liani 079 506 4078.

## Bybelstudiereeks: Halwe waarhede in die Christendom (Adam Hilton)

Almal word hartlik uitgenooi na 'n Bybelstudiereeks om 08:30 by die kerk:  
8 Mei: God gee ons nooit meer as wat ons kan hanteer nie (A21).  
22 Mei: God het dit gesê, ek glo dit, en dis hoe dit is (A21).  
29 Mei: Toon liefde teenoor die sondaar; haat die sonde (A21).

## Dankoffers:

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan [finansies@nglynnwood.co.za](mailto:finansies@nglynnwood.co.za) of Snap Scan.



Snap here to pay

SnapScan

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkekers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die info-toonbank na die oagenddiens vir enige navrae.

# Kontak van die week: Refleksie oor Lydenstyd

So 'n paar jaar gelede het ek begin om tydens lydenstyd, die ses weke voor paasfees, die geloofsgewoonte van vas te beoefen. Die gedagte is om iets waaraan jy waarde heg, vir ses weke uit jou lewe te laat, om sodoende iets van die lydenstydgebeure te beleef.

Met lydenstyd om die draai, het ek begin Februarie vanjaar 'n baie interessant artikel op sosiale media gelees. Die artikel se naam is **'The best thing to give up this Lent is plastic, not chocolate'**. Die artikel het die leser uitgenooi na 'n lydenstydvas wat ook 'n dimensie van sosiale geregtigheid insluit. En so het my plastieklose lydenstyd begin.

Vir die eerste week was dit heel maklik en gemaklik. Ek het nie nodig gehad om inkopies te doen nie, want daar was genoeg van alles in ons huis. Ek het dit reggekry om te onthou om my glasbottel in die oggend vol water te maak sodat ek tydens die dag se rondry nie nodig gehad het om 'n bottel water of koeldrank te koop nie. En toe die lus vir 'n goeie wegneemkoffie my tref het die koffiewinkel vir my koffie in my reisbeker gemaak.

Van week twee af het dit aansienlik moeiliker geword. Ek moes gaan inkopies doen en dadelik besef watter intrinsieke deel plastiek van ons lewens uitmaak. Dit het begin toe ek vleis en hoender wou gaan koop. Dit is byna onmoontlik om vleis of hoender te koop wat nie in 'n tipe plastiese verpakking is nie. Ek het vir myself uitgemaak dat niks onmoontlik is nie. My plan was om my eie glasbakkie saam slaghuis toe te neem. Tot my frustrasie het ek elke maal my bakkie by die huis vergeet. Selfs 'n groot deel van die groente by die groentewinkel op die hoek was in plastiek verpak. So ook melk, kaas, skoonmaakmiddels, medisyne ens. Ek het naderhand opgesien om winkels toe gaan. Inkopies het vir my 'n emosionele saak geword.

Aan die einde van lydenstyd kon ek stil word en reflekteer oor die ses weke wat verby is. Ek deel graag kortliks twee waarhede wat tydens die vastyd in my hart kom sit het.

Die een is 'n nuwe, verhoogte bewustheid van die hoeveel plastiek wat ons huishouding in die kwessie van 'n week gebruik. En die meeste van daardie plastiek is nie herwinbaar nie. Wat nog swaarder is, was die besef dat ek nie drastiese verandering hieraan kon maak nie; dat sulke verandering tot 'n groot mate van beter wetgewing en politiese wil afhang. Die ses weke van lydenstyd het my egter ook geleer dat swakheid nie die moontlikheid van selfs groot verandering uitsluit nie. As verbruikers kan ons keuses uitoefen rakende die produkte wat ons koop. Ons kan beter koop. Ons hoef nie altyd produkte in plastiek te koop nie. Ons kan deur ons verbruikersgedrag produsente en winkels oortuig om minder plastiek te gebruik. Ons hoef byvoorbeeld nie 'n plastiese strooitjie te gebruik net omdat die kelner dit vir ons gee nie.

My poging tot 'n plastiek-vrye vas het my bewus gemaak van die kompleksiteit van selfs ons alledaagse lewe. Dit het tweedens by my 'n behoefte losgemaak na 'n eenvoudiger tyd; 'n tyd van melk in glasbottels, brood in 'n papiersak en groente wat nie in plastiek toegedraai is nie. Miskien is dit eerder 'n behoefte aan 'n lewe wat deur meer eenvoud gekenmerk word. En dit het my aan die dink gesit – hoe lyk 'n lewe wat deur eenvoud gekenmerk word? Wat sê die manier waarop ek lewe van my lewensingesteldheid? Is eenvoud enigsins moontlik in vandag se tyd? En indien wel, watter aanpassings sal dit van my vra? Ek het 'n vermoede dit hou verband met 'n ander vraag, naamlik: Wat is genoeg?

Groete

Fay (Namens die Predikantespan)





# Pinkster 2018

## Lewegewende Fontein

*Droom saam oor die kerk as lewegewende gemeenskap*



Sondag 13 Mei 9:00 Prof Nelus Niemand  
Sondag 13 Mei 18:00 Vr Chris Schönerberger  
Maandag 14 Mei 18:00 Nicolaas Kruger  
Dinsdag 15 Mei 18:00 Vr Jacobus van der Riet  
Woensdag 16 Mei 18:00 Marietjie van Loggerenberg  
Donderdag 17 Mei 18:00 Bouwer Bosch  
Sondag 20 Mei 9:00 Pinksterfees saam met die koor van  
Meisieshoër Liturg: Immanuel van Tonder



*KINDERPINKSTER*  
*Elke aand 18:00 in die saal*

Pinkster  
by Lynnwood-Oord  
Die waarde van 'n  
slagspreuk vir Pinkster  
Dr Michiel Botha  
Ma 14 Mei - Don 17 Mei  
om 9:30

